basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## FEBRUARIE/MAART 2012

## MEMORANDUM

**PUNTE: 80**

**Hierdie memorandum bestaan uit 25 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**MEMORANDUM VAN PUNTETOEKENNING**

- As ’n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. (Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)
- As ’n kandidaat in Afdeling A al vier vrae oor die gesiene gedigte gedoen het, word die eerste twee gedigte nagesien.
- As ’n kandidaat in Afdeling B en C twee kontekstuele vrae of twee opstelvrae gedoen het, word die eerste vraag nagesien en die tweede vraag word geïgnoreer.
- As ’n kandidaat al vier die vrae in Afdeling B en C beantwoord het, word die eerste vraag in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.
- As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
- Opstelvraag: As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer omdat hy/sy hom/haar self gepenaliseer het.
- As die opstel te lank is, laat ’n oorskryding van ’n maksimum van 50 woorde (disjunkte ortografie) toe en ignoreer die res van die opstel.
- Kontekstuele vrae: As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word hy/sy nie gepenaliseer nie.

**AFDELING A: GEDIGTE**

**VRAAG 1: OPSTELVRAAG *VROEGHERFS* – NP van Wyk Louw**

Hierdie opstelvraag word aan die hand van die aangehegte **RUBRIEK** vir die assessering van die **OPSTELVRAAG vir GEDIGTE** geassesseer.

Die inhoud word aan die hand van die volgende kategorieë op die rubriek beoordeel:

**Inhoud:**

| | |
|---|---|
| Kode 7 | 7 gemotiveerde feite |
| Kode 6 | 6 gemotiveerde feite |
| Kode 5 | 5 gemotiveerde feite |
| Kode 4 | 4 gemotiveerde feite |
| Kode 3 | 3 gemotiveerde feite |
| Kode 2 | 2 gemotiveerde feite |
| Kode 1 | 1 gemotiveerde feit |

**Inleidingsparagraaf**

Die kandidate kan enige gepaste inleidingsparagraaf aanbied, bv.

- In hierdie sonnet word veranderinge wat die spreker in die natuur waarneem, gekoppel aan iets van die mens se aardse bestaan.

**Innerlike bou van die sonnet (2 feite)**

- 'n Natuurbeskrywing/konkrete voorstelling kom in die oktaaf voor.
- In die sestet word die natuurbeeld vergeestelik/toegepas/verklaar/vind 'n verdieping plaas.
- Na die oktaaf volg 'n wending.
- Die oktaaf is 'n gebed.
- In die sestet word die natuurbeelde op die mens van toepassing gemaak.

**Die tweeledige stropingsproses (2 gemotiveerde feite)**

- In die oktaaf: stropingsproses in die natuur word verbeeld in die eerste blare wat val/takke wat ligter staan.
- In die sestet: stropingsproses van die mens/spreker word verbeeld in die versoek/gebed – " ... laat alles val wat pronk en sieraad was ... "/" ... laat stort my waan ... "

**Funksies van die leestekens om betekenis te skep (3 gemotiveerde feite)**

- Die kommapunte in reël 4, 5 en 11 skei die natuurlike prosesse van rypwording en stroping wat in die oktaaf en die sestet voorkom.
- Die punt aan die einde van reël 8 is die skeiding tussen die oktaaf en die sestet. Dit dui die einde van die natuurbeskrywing aan wat in die oktaaf voorkom/skei die natuurbeskrywing en die geestelike verdieping/bring 'n wending in die gedig/skei die natuurbeeld en die gebed/deel die sonnet in twee onderskeie dele.
- Na die dubbelpunt aan die einde van versreël 9 volg 'n verklaring oor wat moet gebeur sodat die "dae heilig word".
- Die drie verskillende versoeke in die spreker se gebed word deur middel van die kommas in reël 12 van mekaar geskei.
- Die kommas in reël 12 hef uit/beklemtoon die gebed/versugting van die spreker.
- Die komma ná "laat U wind waai" hef die versoek in die gebed uit.

**SLOT**

Die kandidate kan enige gepaste slotparagraaf aanbied, bv.

- Soos die natuur van alle onnodige sake gestroop word, is die mens ook aan dieselfde stropingsproses onderhewig.

**[10]**

| **VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG *BUSRIT IN DIE AAND* – Elisabeth Eybers** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **LU** | **AS** | **DENKVLAK: BARRETT** |
| 2.1 | "... met monde moeg gesluit ... "✓ | 1 | 2 | 4.2 | 2 |
| 2.2 | Uitsteltegniek ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| 2.3 | C/is 'n voorbeeld van toutologie✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| 2.4 | "... die passasiers die buit .../<br>"... ons as slawe ..." ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 2 |
| 2.5 | "... vanaand ..." ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 2 |
| 2.6 | Die vier woorde (*hyg, skok, snork, swoeg*) beklemtoon die gesukkel om bo uit te kom./<br>Die herhaling van die voegwoord "en"./<br>Klanknabootsing in die woorde "snork" en "kners" stel die bus se gesukkel voor./<br>Die gebruik van die woorde "waggel", "skommelende", "hyg", "skok", "swoeg". ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 1 |
| 2.7 | (Ketting)rym bind die gedig tot 'n eenheid.<br>Dit ondersteun die tema: die stads(mens) bevind hom in 'n beperkende roetine waaruit hy nie kan ontsnap nie. ✓✓ | 2 | 2 | 4.2 | 3 |
| 2.8 | Ja<br>Mense wat terugkeer van hul werk lyk gewoonlik so./Mense wat vasgevang is in so 'n roetine/lewenslot sal nie met mekaar wil gesels nie.<br>OF<br>Nee<br>Nie almal ry met busse huis toe nie. ✓✓ | 2 | 2 | 2.2 | 4 |
| | | **[10]** | | | |

| **VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG *STRAATKIND* – Linda Roos** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **LU** | **AS** | **DENKVLAK: BARRETT** |
| 3.1 | Die spreker wil (doelbewus) nie betrokke raak nie./<br>Haar voorneme om verby te mik het nie geslaag nie. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 1 |
| 3.2 | Dui op 'n meerderwaardige houding. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| 3.3 | Die s-alliterasie impliseer dat die kind gereed is om homself teen die aanvalle van die samelewing te beskerm./<br>Die kind is vyandig teenoor die samelewing ingestel./<br>Die kind is op 'n gereedheidsgrondslag./<br>Hy is kwesbaar.✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| 3.4 | Dit word met 'n "ou roof" vergelyk. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 2 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.5 | Die vernietiging van woude/natuur/<br>Diere wat as proefkonyne vir wetenskaplike studies/navorsing gebruik word/<br>Kinderlyding/<br>Die slagting van diere vir die gebruik van voedsel. ✓✓ | 2 | 2 | 4.2 | 2 |
| 3.6 | A/personifikasie ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| 3.7 | Die moderne mens is nie bereid om betrokke te raak by die onreg wat daagliks rondom ons plaasvind nie.<br>Elke mens het ’n verantwoordelikheid teenoor sy medemens/broer.✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| 3.8 | *Kandidate verskaf hulle eie menings oor redes vir die verskynsel van straatkinders:*<br>Werkloosheid/armoede/oorbevolking/ migrasiewerk laat kinders sonder sorg wat hulle strate toe dwing./Geen familie-ondersteuning by ouerlose huise nie./Disintegrasie van gesin-strukture/vigswesies/gesinskonflik dryf kinders uit hulle huise./Kindermishandeling/die vryheid wat die straatlewe bied, is aanloklik./Arm kinders het ’n behoefte om geld te verdien. ✓✓ | 2 | 2 | 2.2 | 5 |
| | | **[10]** | | | |

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG *KWATRYNE* – Ina Rosseau**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | LU | AS | DENKVLAK: BARRETT |
|---|---|---|---|---|---|
| 4.1 | "... skerms ... "/<br>"... gegrimeer ... "/<br>"... verhoog ... "/<br>"... glans ... "/<br>"... kleur ... "/<br>"... rol ... "/<br>"... Regisseur” ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 2 |
| 4.2 | "... applous ..." ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 1 |
| 4.3 | "... klug ..." ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 2 |
| 4.4 | Inversie/omgekeerde woordorde ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| 4.5 | B/om vir die spreker riglyne vir die lewe te gee. ✓ | 1 | 4 | 4.2 | 2 |
| 4.6 | Na die dubbelpunt in reël 15/Kwatryn 13, reël 3/Dit vind plaas waar die vraag gevra word. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| 4.7 | Is die mens regtig in beheer van sy lewe?/<br>Is daar ’n hoër krag wat dit vooruit beplan?/<br>Het ek my lewe geleef of het ek net bestaan? ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| 4.8 | Dit rond elke kwatryn tot ’n eenheid af.✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 4.9 | *Kandidate gee hier hul eie mening*, *bv*.<br>Mense gee soms voor wat hulle nie is nie./<br>Mense is vals./<br>Mense probeer ontsnap van die werklikheid./<br>Die mens is uitgelewer aan die Regisseur se wil vir jou lewe.✓ | 2 | 2 | 2.2 | 5 |
| | | **[10]** | | | |

**VRAAG 5: OPSTELVRAAG *KRISIS* – Elisabeth Eybers**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR GEDIGTE nagesien.

Die inhoud word aan die hand van die volgende kategorieë op die rubriek beoordeel:

**Inhoud :**
Kode 7 7 gemotiveerde feite
Kode 6 6 gemotiveerde feite
Kode 5 5 gemotiveerde feite
Kode 4 4 gemotiveerde feite
Kode 3 3 gemotiveerde feite
Kode 2 2 gemotiveerde feite
Kode 1 1 gemotiveerde feit

**Inleidingsparagraaf**
Die kandidaat voorsien die opstel van ’n gepaste inleidingsparagraaf.
- In hierdie sonnet word die skeppingsproses van die vrou aangespreek.

**BESPREEK hoe die innerlike eienskappe/inhoud van die gedig die Hoof (rede) se gesprek met die Hart (emosies) ondersteun. (3 gemotiveerde feite)**
- In die oktaaf gee die Hoof die redes waarom hy van die Hart wil skei en in die toepassing (reël 9-14) word die beskrywing van hierdie redes gegee.
- Die Hoof tree in gesprek met die Hart en sê aan die Hart dat die skeiding onafwendbaar is al wil die Hart nie die skeiding aanvaar nie.
- Die Hoof erken dat die Hart wat in die verlede die botoon gevoer het, wel goeie besluite geneem het, maar dat dit nou verby is.
- Daar word ’n kontras met die verlede (waar die Hart in beheer was) aangetoon teenoor die hede waar hierdie tipe besluitneming verby is.
- Die Hoof beskryf die swakhede van die Hart (voortvarend, lafhartig en besluiteloos) en hierdie swakhede maak van die Hart ’n las in die Hoof se lewe.
- In die tweede strofe sê die Hoof aan die Hart dat sy raad dwaas was en dus die Hoof verwar het terwyl hierdie raad nie tot voordeel van die Hoof was nie.
- Laastens noem die Hoof dat die sorgvrye dae met die Hart in beheer, nou iets van die verlede is.

**Noem die verskillende perspektiewe wat die Hoof koester. (3 gemotiveerde feite)**
- Die Hart was eerstens daarvoor verantwoordelik dat die Hoof en Hart se weë lieflik was – die Hart was dus tot voordeel van die Hoof.
- Die Hoof beskou die Hart as voortvarend/’n lafaard/besluiteloos en dit het ’n nadelige invloed op die Hoof gehad.
- Nadat die Hart vreugde in die lewe van die Hoof gebring het, word die Hart nou blameer dat die raad dwaas was en dus nie wat die Hoof in gedagte gehad het nie.
- Die Hoof sien sy lewe vorentoe as ’n lewe met die rede (Hoof) in beheer wat nie op die emosionele (Hart) berus nie.

**Gee jou mening of die titel die tema van die gedig ondersteun. (1 gemotiveerde feit)**

- Ja, die Hoof (rede) bevind hom in 'n krisis met die besluite wat op emosionele vlak (Hart) geneem is en dus ondersteun die titel van die gedig die inhoud.
- Nee, die emosionele sy (Hart) was vir die verkeerde besluite verantwoordelik en waar die rede (Hoof) nou gaan oorneem, sal die besluite sonder 'n krisis gepaard gaan.

**Slot**

Die kandidaat verskaf 'n gepaste slotparagraaf vir die opstel, bv.

- Die Hoof (rede) besef dus dat emosionele besluite nie altyd goeie besluite is nie.

**[10]**

**VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG *KRISIS* – Elisabeth Eybers**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | LU | AS | DENKVLAK: BARRETT |
|---|---|---|---|---|---|
| 6.1 | oktaaf ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 1 |
| 6.2 | Daar word aangedui wie die *ons* in die gedig is./<br>Dit dui die skeiding visueel aan. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| 6.3 | "... al staar jy terug ..."/<br>"... albei tot afskeid so onvoorbereid ..." ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 2 |
| 6.4 | Terwyl die Hart aan die een kant as voortvarend beskou word, word hy aan die ander kant as 'n lafaard beskou. ✓✓ | 2 | 2 | 4.2 | 3 |
| 6.5 | Die rede waarom die Hoof die Hart 'n nar noem, word gegee. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 2 |
| 6.6 | C/metafoor. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| 6.7 | Die Hart (emosie) sê hulle moet nou skei. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 2 |
| 6.8 | Die rede (Hoof) wil nie meer na die Hart (emosies) se raad luister nie en beplan om meer rasioneel (eerder as emosioneel) in die toekoms op te tree.<br>Die rede (Hoof) wil nou in beheer wees. ✓✓ | 2 | 2 | 4.2 | 4 |
| | | **[10]** | | | |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: ROMAN**

Beantwoord EEN vraag.

**VRAAG 7: OPSTELVRAAG *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA geassesseer. Naas die inhoud (15 punte) moet die aanbieding (taal en styl) ook volgens die rubriek geassesseer word (10 punte).

LET WEL:
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen opskrifte in die opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by taal en styl.

**Inleidingsparagraaf**
Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste inleidingsparagraaf, bv.
- In hierdie roman speel Iris 'n belangrike rol.

**Redes waarom Iris die belangrikste karakter is (2 feite)**
- Hierdie roman fokus pertinent op Iris se gevoels- en verbeeldingswêreld.
- Die titel van die verhaal het betrekking op Iris wat op haar een blomtyd wag.
- Iris vertel haar eie verhaal vanuit haar eie gesigspunt.
- Die roman handel oor Iris se lewe, die mense in haar lewe en die keuses wat sy uitgeoefen het.
- Die leser leer Iris die beste ken.
- Die karakter/Iris verander as gevolg van innerlike konflik.

**Vier karaktereienskappe van Iris (4 gemotiveerde feite) *Elke eienskap moet bespreek en nie net genoem word nie.***
- Iris kom soms besluiteloos voor aangesien sy op daardie een spesiale blomtyd in haar lewe wag.
- Sy sien haarself as 'n alleenloper wat nes Polder op oorskietkos (oorskiet-aandag/-liefde) aangewese is.
- Sy is ontevrede met haar uiterlike voorkoms alhoewel sy oorsee as 'n model aangesien word.
- Iris sien haarself as iemand wat ander moet dien, moontlik 'n martelaar, 'n Aspoestertjie of 'n dienares van hoëre gode.
- Iris beskou haarself as skerpsinning aangesien die iris tog deel van die oog is.
- Aangesien Iris se susters se name nie in die woordeboek voorkom nie, het Iris meerderwaardig gevoel.
- Iris is die buitestaander in die familie wat vanaf geboorte as "anders" deur haar ma beskou is.
- Iris is verbeeldingryk aangesien sy vir haar 'n fantasiewêreld skep om van die alledaagse lewe te ontsnap.
- Iris is aanvanklik baie naïef oor seks en verhoudings en word deur Elsa gewaarsku om van haar "romantiese drogbeelde" ontslae te raak.

**Hoe Iris se karaktereienskappe met dié van Elsa kontrasteer (3 gemotiveerde kontraste) *Die kandidaat moet minstens drie kontraste by elkeen van hierdie karakters noem.***
- Elsa is 'n nugter, praktiese mens wat meer in haar bankbalans as in die Richards van die wêreld belangstel. ⇨ Iris verkies om in 'n droomwêreld te leef.
- Elsa het die huweliksonthaal prakties benader en het uitgewerk hoe lank die onthaal moes duur aangesien die planne met die hotelbesprekings nie moes skeefloop nie. ⇨ Iris was 'n romantikus wat gevoel het dat 'n bruid haar mond moes hou en verlief moes lyk.
- Vir Elsa was die lewe 'n goed gemerkte padkaart met roetes wat sy deeglik beheer het. ⇨ Iris het eerder die lewe ingetuimel terwyl sy op daardie een volmaakte blomoomblik gewag het./Iris se lewe was ietwat onvoorspelbaar.
- Elsa was krities teenoor Klara wat met 'n Fransman 'n verhouding gehad het. ⇨ Iris het dit as baie romanties beskou aangesien liefde geen taal ken nie.
- Elsa was van mening dat 'n mens nie agter 'n man aanloop nie. ⇨ Iris het impulsief besluit om vir Peter in Amerika te gaan kuier alhoewel hulle nie gereeld kontak gehad het nie (vae poskaarte).
- Elsa beplan saaklik en deeglik. ⇨ Iris is meer impulsief en tree volgens haar emosies op.

**Jou gemotiveerde mening of Iris deur die loop van die roman as karakter ontwikkel**
**(3 gemotiveerde feite)**

- Iris groei van iemand wat ’n fantasiewêreld as baie belangrik beskou na ’n karakter wat die werklikheid aanvaar.
- Iris groei tot die insig dat ’n naam net ’n naam is en dat haar toekoms en geluk nie van naamgewing afhanklik is nie.
- Verder kom Iris tot die insig dat daar nie slegs een blomtyd in haar lewe is nie, maar dat die lewe uit onsamehangende flardes/baie hoogtepunte bestaan.
- Iris ervaar die lewe met geduldige tevredenheid en kom tot die insig dat daar baie maniere is om te blom.
- Iris ondergaan ontwikkeling wanneer haar fantasiewêreld voor die werklikheid van Peter se teenwoordigheid vervaag.
- Iris se innerlike konflik word opgelos en sy groei/verander.

**Slot**
Die kandidaat voorsien die opstel van ’n gepaste slotparagraaf, bv.

- Iris het dus in hierdie roman ’n belangrike invloed op die ander karakters rondom haar.

**[25]**

**OF**

**VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | LU | AS | DENKVLAK: BARRETT |
|---|---|---|---|---|---|
| 8.1 | Iris het haarself as skerpsinnig en/of diepsinnig gesien (die iris as deel van die oog)./<br>Iris was die Griekse godin, in diens van hoëre gode./<br>Iris se naam hou, volgens haar, verband met die godin van die reënboog./<br>Iris sien in haar naam iets van ’n martelaar./<br>Iris het haar naam nie slegs as ’n naam gesien nie, maar as ’n lewensfilosofie. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 1 |
| 8.2 | Onwaar<br>Iris het die modelaanbod van die hand gewys aangesien dit moontlik nie haar blomgeleentheid was nie en omdat sy saam met Peter na Vermont gegaan het./<br>Die vraag wanneer sy haar blomtyd bereik, bly onbeantwoord. ✓✓ | 2 | 2 | 4.2 | 4 |
| 8.3.1 | D/ blom deur haar vrieskas alfabeties te organiseer. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 2 |
| 8.3.2 | B/haar blomtyd was toe sy haar kinders gekry het. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 2 |
| 8.3.3 | C/blom sedert sy die verhouding met Claude begin het. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 2 |
| 8.4 | Iris sien blomtyd as die een enkele moment waar volmaakte sintese beleef word terwyl die Engel geen verband tussen die lelie en blomtyd sien nie. ✓✓<br><br>*Albei aspekte van die kontras moet genoem word.* | 2 | 2 | 4.2 | 3 |
| 8.5 | Jaloesie ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| 8.6.1 | Eerstepersoonsverteller ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 1 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 8.6.2 | Die verteller is nie objektief nie./<br>Die verteller kan nie tussen tyd en ruimte beweeg nie./<br>Die verteller ken nie die ander karakters se emosies nie. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| 8.7 | Iris en Peter gesels nie./<br>Iris swyg koppig en praat nie met Peter nie.✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| | | **[12]** | | | |
| 8.8 | B/In die hospitaal ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 1 |
| 8.9 | Sy is selfbewus en wil nie hê dat mense vir haar moet lag nie./<br>Sy wil nie gespot word oor haar siening nie. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| 8.10 | Iris moet haar eie toekoms droom en kyk of sy daarvan hou. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 1 |
| 8.11.1 | Iris wil raad oor haar lewe hê/weet wat om te doen./Sy visualiseer haar toekoms met die Engel se raad./<br>Sonder die Engel kan Iris nie tot insig kom nie. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| 8.11.2 | Ons moet die roman en dus by implikasie die fantasiewêreld nie ernstig opneem nie, want "angels take themselves lightly". ✓✓<br><br>*Elke deel van die antwoord tel een punt.* | 2 | 2 | 4.2 | 4 |
| 8.12.1 | Die Engel het haar wakker gemaak. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 1 |
| 8.12.2 | Sy moet 'n glas melk drink. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 1 |
| 8.13 | Ja<br>Iris het van al die fantasiekarakters ontslae geraak omdat die werklikheid saam met Peter beter is as die fantasiewêreld.<br>OF<br>Nee<br>Want Iris het nog steeds die Engel as fantasiekarakter behou. ✓✓ | 2 | 2 | 4.2 | 2 |
| 8.14 | "En dat ek glo ek sal een keer blom." ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 4 |
| 8.15 | Iris (en Johanna) wag dat die kwart-voor-sewe-lelie in die tuin moet blom net soos Iris nog vir haar volmaakte oomblik/blomtyd wag./<br>Die lelie in haar ma se tuin blom ongesiens net soos Iris se blomtyd ongesiens (kan) plaasvind. ✓✓ | 2 | 2 | 4.2 | 3 |
| | | **[13]** | | | |
| | | **[25]** | | | |

**OF**

**VRAAG 9: OPSTELVRAAG *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE ASSESSERING VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA geassesseer.

**LET WEL:**
- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen opskrifte in die opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by taal en styl.

**Inleidingsparagraaf**
Die kandidaat voorsien die opstel van ’n gepaste inleidingsparagraaf, bv.
- In hierdie roman speel Baas ’n belangrike rol.

**Redes waarom Baas die belangrikste karakter is (2 feite)**
- Baas is die sentrale karakter om wie die hele verhaal afspeel.
- Die verhaal gaan oor sy wedervaringe in Barotseland terwyl hy sy droom probeer verwesenlik.
- Baas wou sy oupa se droom verwesenlik, daarom gaan hy na Barotseland.
- Baas wou, soos sy oupa, Afrika toegankliker maak.
- Die leser leer Baas die volledigste ken.
- Baas verander as gevolg van innerlike konflik.
- Die verhaalgebeure draai om Baas.

**Vier karaktereienskappe van Baas (4 gemotiveerde feite) *Elke keuse moet bespreek word en nie net genoem word nie.***
- Baas is ’n buitestaander/alleenloper./Hy verkies sy eie geselskap./Hy sê vir Nanna hy kom goed klaar sonder geselskap.
- Baas is onselfsugtig. Hy gee sy laaste antimalariapille vir Grace./Hy gee sy laaste geld uit aan klere vir Grace./Hy gee sy laaste antimalariapille vir mense wat om hulp op Manaka kom aanklop.
- Baas doen graag goed aan ander mense. Hy gee vleis aan mense sonder om geld daarvoor te vra./Hy gee kos aan die wat honger is.
- Baas is beskeie. Hy vertel nie die Khuta of ander van sy goeie dade nie.
- Baas is hulpvaardig. Hy ry vir die Khuta pale aan./Hy help meneer Johnnie om met sy familie te herenig.
- Baas is eerlik. Hy raak nie betrokke by Riekert se diamantsmokkelary nie./Hy aanvaar ook nie mnr. Kebbey se voorstel om saam met hom in die pontbesigheid te werk nie.
- Baas is avontuurlustig. Hy vertrek noordwaarts na die noorde van Botswana – net met ’n kaart, sy honde en ’n droom./Hy vertrek na Barotseland om Manaka te gaan soek./Sy verkenningstogte neem hom amper tot op die grens van Angola.
- Baas het respek vir ander se kultuur/is nierassisties nie. Hy knoop vriendskappe met Grace en ouma Essie aan./Hy maak ’n afspraak met die Khuta vir verblyfreg./Hy leer die bevolking se tradisies en geskiedenis ken.

**Hoe Griesel du Pisanie se karaktereienskappe met dié van Baas kontrasteer**
**(3 gemotiveerde kontraste) *Die kandidaat moet minstens drie kontraste by elkeen van hierdie karakters noem.***
- Baas is ’n buitestaander en verdedig hom glad nie. ⇨ Vir Griesel is dit baie belangrik wat die mense van hom dink.
- Baas is onselfsugtig. ⇨ Griesel is selfgesentreerd/selfsugtig.
- Baas is eerlik. ⇨ Griesel is skelm/vals.
- Baas het respek vir ander se kultuur/is nierassisties nie. ⇨ Griesel het nie respek vir ander se kultuur nie en is ’n rassis.
- Baas is hulpvaardig. ⇨ Vir Griesel is sy medemens nie belangrik nie.

**Jou gemotiveerde mening of Baas deur die loop van die roman as karakter ontwikkel (3 gemotiveerde feite)**

- Aanvanklik is Baas 'n soeker na sy doel/glo hy nie hy is na Manaka gestuur nie. Teen die einde besef hy dat hy op Manaka moet bly en die mense daar help/sy droom verwesenlik.
- Aanvanklik ontken Baas sy Christenskap./Hy soek hy na antwoorde oor wat van jou 'n Christen maak. Hy vind hierdie antwoorde by Ouma Essie en Grace./Teen die einde vind hy sy Christelike identiteit./Teen die einde van die verhaal weet Baas die ware essensie van Christen-wees is om om te gee vir ander en die wete dat jy weet waarheen jy in die lewe op pad is.
- Aanvanklik sê Baas hy het niemand in sy lewe nodig nie./Hy kan op sy eie, maar teen die einde stap hy en Grace saam na die boot./Teen die einde aanvaar hy Grace se geselskap/vriendskap.
- Hy groei deur innerlike konflik tot insig.

**Slot**

Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slotparagraaf, bv.

- Baas besef dus dat 'n mens moeilik op sy eie kan klaarkom.

**[25]**

**OF**

| **VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **LU** | **AS** | **DENKVLAK: BARRETT** |
| 10.1 | Onwaar<br>Die ruilhandel met buffelvleis en handel met ivoor werk nie uit nie en hy het geen geld om sy boot mee te bou nie./<br>Hy raak siek/kry malaria en moet terugkeer na Suid-Afrika./<br>In Suid-Afrika beskerm hy landerye teen bosvarke en stropers in die Houtboschberg-gebied. ✓✓ | 2 | 2 | 4.2 | 3 |
| 10.2 | Hy sou met ivoor handel gedryf het./<br>Hy sou met buffelvleis handel gedryf het. ✓✓ | 2 | 2 | 4.2 | 1 |
| 10.3 | Hy het landerye teen bosvarke beskerm.<br>Hy het landerye teen stropers beveilig. ✓✓ | 2 | 2 | 4.2 | 1 |
| 10.4.1 | Derdepersoonsverteller ✓ | 1 | | 4.2 | 2 |
| 10.4.2 | Die verteller beleef en bekyk die gebeure slegs deur Dennis Chipman se oë./<br>Die verteller beskik oor 'n beperkte alwetendheid./<br>Die leser kan hom nie maklik met die karakter identifiseer nie. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| | | **[8]** | | | |
| 10.5 | Hy is 'n bangbroek/lafaard/veroordelend/vals./Hy handhaaf dubbele standaarde. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 4 |
| 10.6 | Hy spreek Nanna aan oor haar drankgebruik wat nie by 'n Christen pas nie, maar hy regverdig sy inbraak. ✓✓<br>*Albei dele van die ironie moet genoem word.* | 2 | 2 | 4.2 | 3 |
| 10.7 | Hy hou sy oë op die honde. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 1 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 10.8 | "Geen Christenmens sal ’n ander verkwalik as jy onder sulke omstandighede sy hut gebruik nie."/ "Ek slaap nie daar nie," sê Griesel. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 2 |
| 10.9.1 | Ouma Essie ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 1 |
| 10.9.2 | Ja<br>Ouma Essie tree as bemiddelaar op tussen Baas en die sendelinge./<br>Sy stel haarself as tolk aan vir die sendelinge wanneer Grace uitgebuit word. ✓✓ | 2 | 2 | 4.2 | 4 |
| 10.10.1 | Afrika-atmosfeer ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 2 |
| 10.10.2 | Ja<br>Grace het eerste toenadering by Baas gesoek, net soos die bosuilwyfie eerste toenadering soek. ✓✓ | 2 | 2 | 4.2 | 3 |
| 10.11.1 | B/is ook ’n verwysing na Baas se ma. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| 10.11.2 | A/dien as ’n herinnering aan Baas se verbintenis met die verlede. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| 10.11.3 | C/weerspieël ook Baas se houding jeens Riekert. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| 10.12 | Die verkondiging van die Woord/kerk/Nagmaal/sending ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 1 |
| 10.13 | A/Baas ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 1 |
| 10.14 | hy nie meer nodig is op Manaka nie. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 1 |
| | | **[17]** | | | |
| | | **[25]** | | | |

**OF**

**VRAAG 11: OPSTELVRAAG *VATMAAR* – AHM Scholtz**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE ASSESSERING VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA geassesseer.

**LET WEL:**
- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen opskrifte in die opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by taal en styl.

**Inleidingsparagraaf**
Die kandidaat voorsien die opstel van ’n gepaste inleiding, bv.
- In hierdie roman speel Oom Chai ’n belangrike rol.

**Die rede waarom Oom Chai ’n belangrike rol in die nedersetting Vatmaar speel. (2 feite)**
- Oom Chai het aan ’n nedersetting soortgelyk aan ’n Engelse *settlement* gedink en het met George gepraat om so ’n nedersetting te proklameer.

- Oom Chai, Ta Vuurmaak en Corporal Lewis het die nedersetting Vatmaar begin met goed (vatmaar-goed) wat hulle by die plaashuise wat afgebrand moes word, gebuit het en tussen hulle verdeel het.
- Oom Chai was een van die eerste inwoners van Vatmaar.
- Oom Chai het daarvoor gesorg dat die nedersetting hul eie kerkgebou kon kry, die Sendingkerk.
- Oom Chai was in beheer van die inwyding van die kerk.
- Oom Chai het as gasheer opgetree.
- Oom Chai het ook dienste in die kerk gehou.
- Die eerste begrafnis in die kerk (ouma Lewies) is deur Oom Chai gehou, in Engels, sodat oupa Lewies ook kon verstaan.

**Bespreek VIER karaktereienskappe van Oom Chai. (4 gemotiveerde feite) *Elke keuse moet bespreek word en nie net genoem word nie.***

- Oom Chai was ’n gesiene man en onderhandelaar. Hy was in staat om met die dorpsraad van Du Toitspan namens die mense van Vatmaar te onderhandel.
- Oom Chai was ’n natuurlike leier. Daar is gesê: "Om oor iemand te wees was iets wat altyd na hom toe aangekom het sonder dat hy daarvoor gesoek het."/Hy het ook belangrike besoekers in Vatmaar rondgeneem./Oom Chai was die nie-amptelike burgemeester van Vatmaar. Die brief wat aan *Vatmaar Community* geadresseer is, is eerste aan Oom Chai gegee. Belangrike nuus (soos byvoorbeeld Ta Vuurmaak se dood) is eerste aan hom oorgedra, waarna hy besluit het wat verder moet gebeur./Oom Chai het ’n groot invloed in die nedersetting. Hy kon die onderwyseres, Teacher Elsa, aanbeveel en sy is aangestel omdat sy van Vatmaar kom.
- Oom Chai het empatie aangesien hy die Queen se manne aangesê het om ’n graf vir die ouma te grawe sodat sy ordentlik begrawe kon word.
- Chai was ’n dief/skelm/oneerlik wat die goedere van die plaashuise wat verbrand moes word, gevat (gesteel) het.
- Oom Chai is as "goed skelm-slim" deur Ta Vuurmaak beskou aangesien hy goedere vir die wat nie het nie (Chai, Ta Vuurmaak) geneem het.
- Oom Chai was ’n goeie vriend vir Corporal Lewis en het hom met die tradisies tydens sy troue met Ruth bygestaan.
- Oom Chai voel sterk oor sy taal en hou nie daarvan dat daarna as die inwoners se Afrikaans as hul huistaal beskryf word terwyl dit die blankes se moedertaal is nie.
- Oom Chai was die sedebewaker van Vatmaar wat vir Teacher Elsa aangesê het om haar gesig te was en dat sy bly kan wees hy was daar toe die Rooinek verspot begin raak het omdat bruin vroumense nooit nee vir ’n witman kan sê nie. Hy trou met Bettie wat ’n voorkind gehad het om sy familienaam te beskerm.

**Hoe oom Chai as karakter met Ta Vuurmaak vergelyk (Die kandidaat moet minstens 3 vergelykings noem.)**

- Oom Chai word deur die gemeenskap gerespekteer. ⇨ Ta Vuurmaak word deur die gemeenskap gerespekteer.
- Oom Chai is die nie-amptelike leier van die gemeenskap. ⇨ Ta Vuurmaak is die oudste inwoner./Ta Vuurmaak is as die pa-figuur in die gemeenskap gesien en dis van waar hy die naam Ta (pa) gekry het.
- Oom Chai het sy deel tydens die oorlog gedoen, "orders" uitgevoer. ⇨ Ta Vuurmaak het soms lyf weggesteek en was nie skaam daaroor nie.
  Oom Chai kan as "goed skelm-slim" beskryf word. Oom Chai was die voorbok met die "vat" van die plaashuise se goedere. ⇨ Ta Vuurmaak kan as "goed skelm-slim" beskryf word./Ta Vuurmaak het in die watertenk gebly om die goedere op te pas.
- Oom Chai was trots op sy Afrikaanswees. ⇨Ta Vuurmaak was trots op sy Griekwaskap en is op die tradisionele manier begrawe.

**Jou gemotiveerde mening of Oom Chai deur die loop van die roman as karakter ontwikkel (3 gemotiveerde feite)**

Die kandidaat kan sy eie goed gemotiveerde mening binne die konteks van die roman gee.

- Oom Chai het as karakter ontwikkel aangesien hy tot insig gekom het.
- Hy besef net voor sy dood dat hy verkeerd opgetree het deur ’n "blerrie fool" te wees nadat hy met Bettie getroud is.
- Hy besef dat hy ’n ou man met allerlei liggaamspyne is en nie sy lyf soos ’n jong man kan hou as hy met die jong vrou getroud is nie.
- Oom Chai ontwikkel deur die insig te verkry om met Bettie te trou en sodoende die familienaam te beskerm.

- Oom Chai ontwikkel nie as karakter nie, aangesien daar te min oor sy foute in die roman geskryf word.
- Oom Chai ontwikkel nie as karakter nie, aangesien hy nie tot insig kom nie. Hy is nog steeds "goed skelm-slim". Hy besef nie dat die steel van plaasgoedere om Vatmaar te begin, verkeerd was nie.
- Oom Chai ontwikkel nie as karakter nie, aangesien hy nie tot insig kom nie. Hy moes geweet het dat hy te oud is om met ’n jong vrou te trou.

**Slot**
Die kandidaat voorsien die opstel van ’n gepaste slotparagraaf, bv.
- Oom Chai speel dus ’n belangrike rol in hierdie roman.

**[25]**

**OF**

| **VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG *VATMAAR* – AHM Scholtz** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **LU** | **AS** | **DENKVLAK: BARRETT** |
| 12.1 | Waar<br>Oom Chai het die verdeling van die vatmaar-goed regverdig laat geskied./<br>Hy het vir werkloses werk geskep./<br>Hy het ’n wins gemaak uit sy werkskepping en albei partye was tevrede./<br>Hy het onderhandel met Du Toitspan om die Sendingkerk te bou. ✓✓ | 2 | 2 | 4.2 | 3 |
| 12.2 | Betrokke by die oprigting van die sendingkerk ✓<br>Betrokke by die stigting van die skool ✓ | 2 | 2 | 4.2 | 2 |
| 12.3 | Ja<br>Oom Chai het sy vriende verloor./Sy liggaam het gepyn./<br>Bettie wou nie by sy manier van leef inval nie./Hulle was nie geesgenote nie./Die jongmense het agteraf vir hom gelag. ✓✓ | 2 | 2 | 4.2 | 3 |
| 12.4.1 | Eerstepersoonsverteller/<br>Ta Vuurmaak ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 2 |
| 12.4.2 | Dit sluit aan by die idee van ’n gemeenskap wat saam die verhaal skryf./<br>Dit is almal se storie waaraan almal saam vertel. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 1 |
| | | **[8]** | | | |
| 12.5 | Hy respekteer ander se taal./Hy het respek vir ander se kultuur./<br>Hy gee baie om vir oom Lewies. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| 12.6.1 | C/is liefdevol. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| 12.6.2 | D/is opreg. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| 12.6.3 | B/is ’n kansvatter. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| 12.7.1 | Elsa ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 1 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 12.7.2 | Ja<br>Sy het gedink sy is beter as ander./<br>Sy het 'n witman bo gekleurde mans verkies.<br>Sy het mense beoordeel en veroordeel.<br>Sy het met Nellie Ndola lelik gepraat en haar soos 'n hond weggejaag.<br>OF<br>Nee<br>Sy self was 'n gekleurde en mens tree nie so op teenoor jou eie mense nie. ✓✓ | 2 | 2 | 4.2 | 4 |
| 12.8 | Hy misbruik Nellie Ndola seksueel. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 1 |
| 12.9 | Gemeenskap ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 1 |
| 12.10 | C/Piet de Bruin ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 3 |
| 12.11 | Die bou van die sendingkerk ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 1 |
| 12.12.1 | Tant Wonnie ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 1 |
| 12.12.2 | God woon in jou. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 1 |
| 12.12.3 | Hy trou met Suzaan./<br>Hy vind weer liefde. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 1 |
| 12.12.4 | Hy was wel skuldig, maar tant Wonnie wat onskuldig was, word ook gevang. ✓✓ | 2 | 2 | 4.2 | 3 |
| 12.12.5 | Daar is vandag nog mense, reg oor die wêreld, wat onskuldig ly. ✓ | 1 | 2 | 4.2 | 4 |
| | | **[17]** | | | |
| | | **[25]** | | | |

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**AFDELING C: DRAMA**

**VRAAG 13: OPSTELVRAAG *DIE KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE ASSESSERING VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA geassesseer.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen opskrifte in die opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by taal en styl.

**Inleidingsparagraaf**
Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste inleiding, bv.
- In hierdie drama speel Map/Johhnie 'n belangrike rol.

**Redes waarom Map/Johnnie die belangrikste karakter in die drama is (2 gemotiveerde feite)**
- Die titel van die drama suggereer dit.
- Al die ander karakters praat oor Map/Johnnie, selfs al is hy nie op die verhoog nie.
- Hy is die belangrikste karakter/hoofkararakter in die drama.

- Die dramagebeure/intrige draai om hom.
- Die leser leer hom die volledigste ken.
- Hy is die karakter wat die duidelikste verandering/groei as gevolg van innerlike konflik openbaar.

**Bespreek enige VIER karaktereienskappe van Map/Johnnie. (4 gemotiveerde feite)** ***Elke keuse moet bespreek word en nie net genoem word nie.***

- Hy is idealisties. Hy streef na beter werk/dinge in die lewe as om 'n bode te wees.
- Map is tot 'n groot mate snobisties. Hy wil nie die werk as bode aanvaar nie.
- Hy openbaar sterk leiereienskappe. Hy word leier van drie bendes./Hy aanvaar sy leiersrol in die gemeenskap./Die saksofoon wat opklink suggereer dat hy sy rol en plek in die gemeenskap inneem.
- As leier en mens is hy beïnvloedbaar. Hy gee toe aan druk om toestemming te gee vir verkragting/ hy laat toe dat Apostel George hom ten goede beïnvloed.
- Hy openbaar 'n hardheid/hardvogtigheid/wreedheid. Hy word 'n gevreesde bendeleier en Cyril en Richie noem hom 'n "vark".
- Hy is verantwoordelik/aanvaar sy verantwoordelikheid. Hy gee hom oor aan die polisie na die moord van sy sussie en die verkragting van sy ma.
- As kind is hy 'n gelukkige/liefdevolle/onskuldige kind wat mense na hom aantrek. Sy ma is lief vir hom en Blanchie voel aangetrokke tot hom.
- In die tronk openbaar hy 'n inskiklikheid/gehoorsaamheid/gedissiplineerdheid. Dit lei daartoe dat hy vir vroeë parool in aanmerking kom.
- Sy geloof (later) is vir hom 'n saak van erns. Sy bekering lei tot 'n nederige aanvaarding van sy skuld.
- Sy geloof is 'n ernstige saak. Hy tree nie gewelddadig op nie en vergeld nie kwaad met kwaad nie.
- Hy is liefdevol en versorgend. Hy tree beskermend en versorgend teenoor sy ma op/teenoor Blanchie op wanneer haar pa sterf.

**Hoe Map/Johnnie se karaktereienskappe met dié van Cavernelis kontrasteer (3 gemotiveerde kontraste)** ***Die kandidaat moet minstens drie kontraste by elkeen van hierdie karakters noem.***

- Map/Johnnie is snobisties, omdat hy nie tevrede is met werk as bode nie ⇨Cavernelis doen twee soorte werk gelyk, hoewel hy vir albei min betaal word.
- Map/Johnnie se sterk leierseienskappe veroorsaak dat hy by drie bendes betrokke raak. ⇨ Cavernelis tree nooit as leier op nie.
- Map/Johnnie soek na sy eie identiteit en 'n plek in die samelewing. ⇨ Cavernelis is tevrede met wie hy is, maar wil op 'n ander/beter plek gaan woon.
- Map/Johnnie aanvaar verantwoordelikheid vir sy bendedade en dien tronkstraf uit. ⇨ Cavernelis se skuldgevoel dryf hom tot selfmoord./Hy hardloop weg van sy verantwoordelikheid.
- Map se liefdevolle, sagte geaardheid blyk uit die manier waarop hy met sy ma en Blanchie praat/vir Blanchie probeer beskerm. ⇨ Cavernelis laat toe dat Blanchie misbruik word om sy eie selfsugtige behoeftes te bevredig.

**Jou gemotiveerde mening of Johnnie, as karakter, deur die loop van die drama ontwikkel (3 gemotiveerde feite)** ***Die kandidaat moet wys op die lelike/verkeerde verlede, die nuwe Johnnie en 'n bewys/voorbeeld gee.***

- Ja, Johnnie het ontwikkel. Hy verskil teen die einde van die drama opvallend van die Map wat ons aan die begin van die drama leer ken het. Hy het die lelike goed afgelê en is op 'n positiewe wyse besig om sy leiersrol in die samelewing in te neem.
- Map/Johnnie het intense innerlike konflik/skuldgevoel en berou openbaar oor sy verkeerde dade/moord op sy sussie en verkragting van sy ma wat lei tot sy ommekeer/veranderde lewenswyse/bekering. Cyril en Richie het voorsien dat hy gaan maak en breek as hy uit die tronk kom, maar hy vergewe, word nie kwaad nie, vergeld nie kwaad met kwaad nie.
- Map/Johnnie se worsteling met sy skuldgevoel veroorsaak kommer of God hom genoegsaam kan verander om 'n ander/nuwe mens te word. Wanneer hy vrygelaat word, openbaar hy 'n nuwe gesindheid, sonder aggressie/geweld/wraak wat daarop dui dat hy wél genoegsaam verander het om sy leiersrol in die samelewing in te neem.
- Wanneer hy vrygelaat word, keer hy nie terug na sy wrede/aggressiewe/verkeerde bendebedrywighede van vroeër nie, maar leef sy nuwe Christenskap uit deur Blanchie te vergewe, haar te ondersteun en sy leiersrol in die samelewing in te neem.

**Slot**

Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot, bv.

- Johnnie ontwikkel dus deur die loop van die drama.

**[25]**

**OF**

| **VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG *DIE KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **LU** | **AS** | **DENKVLAK: BARRETT** |
| 14.1.1 | Met Cyril (en Richie) ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 1 |
| 14.1.2 | Hy dra oral stories aan en stook onrus/kwaad hoewel hy self nie by rusies betrokke is nie. ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 2 |
| 14.1.3 | Hy dra gewoonlik stories/skindernuus by Cyril en Richie aan en dra so tot spanning by maar hier probeer hy spanning ontlont. ✓✓ | 2 | 2 | 4.4 | 3 |
| 14.2.1 | D/het 'n ogie op Blanchie en is 'n skinderbek. ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 2 |
| 14.2.2 | E/wil vir Blanchie net die beste toekoms verseker. ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 2 |
| 14.2.3 | C/is 'n venynige moeilikheidmaker. ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 2 |
| 14.2.4 | B/het 'n ogie op Blanchie en is werkloos. ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 2 |
| 14.3.1 | Dit word kursief gedruk./<br>Dit word tussen hakies geplaas. ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 1 |
| 14.3.2 | Dit dui aan hoe die karakter op die verhoog moet optree./<br>Dit gee vir die regisseur en karakter inligting oor hoe die karakter moet optree./<br>Dit sê vir die leser wat die karakter doen. ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 3 |
| 14.3.3 | Cavernelis tree nooit gewelddadig op nie hoewel hy geïrriteerd is omdat die ander hom en Blanchie treiter. ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 4 |
| 14.4 | Hy het met sy eie lewe geboet daarvoor./<br>Hy verloor in elk geval sy vrou en dogter./<br>Omdat hy voor die trein inloop, ontsnap hy nooit die situasie nie./<br>Omdat Cavernelis sterf, kan Maud en Blanchie ook nie hulle situasie ontvlug nie. ✓ | 1 | 2 | 2.2<br>2.2<br>4.4 | 4 |
| 14.5 | Omdat hy respek vir Blanchie het, wil hy nie die woorde sê nie, daarom laat hy dit so in die lug hang./<br>Hy het nie nodig om die woorde te sê nie, want almal weet waarna hy verwys./<br>Die feit dat hy die woorde weglaat, skep spanning en afwagting. ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 3 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 14.6 | Ja<br>Hierdie mense is vasgevang in 'n uitsiglose bestaan en probeer enigiets om hulle situasie te verbeter./<br>Cavernelis probeer hard om die uitsiglose bestaan op die Kaapse Vlakte te ontsnap./<br>Vanweë die politieke situasie is daar spanning tussen die meer gegoede mense (wittes) en die inwoners van die Kaapse Vlakte wat niks het nie./<br>Mense wat geen hoop of uitkoms het nie, doen soms vreemde/gevaarlike/ongeoorloofde dinge om hulle omstandighede te ontsnap. ✓✓ | 2 | 2 | 4.4 | 4 |
| 14.7.1 | Hy is snobisties./<br>Hy dink hy is beter as die ander inwoners. ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 1 |
| 14.7.2 | Kleurlinge is as gevolg van die Groepsgebiedewet uit Distrik Ses verwyder en op die Kaapse Vlakte gehuisves waar hulle arm en werkloos is./<br>Hulle bly op die Kaapse Vlakte waar hulle omstandighede hulle gevangenes maak van armoede en ellende./<br>Kleurlinge word deur witmense uitgebuit. ✓ | 1 | 2 | 2.2 | 1 |
| 14.8 | Negatief<br>Cavernelis pleeg selfmoord. ✓✓ | 2 | 2 | 4.4 | 4 |
| | | **[19]** | | | |
| 14.9 | Map is die naam wat sy vroeëre lewe/bendelewe/verkeerde lewe/tronklewe verteenwoordig; Johnnie verteenwoordig sy nuwe lewe na sy bekering in die tronk. ✓✓<br>*Kandidaat moet na albei name verwys* | 2 | 2 | 4.4 | 3 |
| 14.10 | Sy weet dat sy ook baie verkeerde goed gedoen het (prostitusie/aborsie) en daarom is sy nie *goed* nie./<br>Sy voel skuldig oor haar eie verlede/prostitusie/aborsie./<br>Sy dink aan die lelike beskuldiging wat sy teenoor haar pa uitgespreek het en voel skuldig/nie *goed* nie./<br>Sy besef dat sy Johnnie nie kan verwyt vir sy dade nie omdat sy ewe skuldig is. ✓ | 1 | 2 | 4.4<br>4.4<br>4.4 | 3 |
| 14.11 | Apostel George het hom na die Here (bekering) gelei. ✓ | 1 | 2 | 2.2<br>4.4 | 3 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 14.12 | Ja<br>*Alles* dui op die sewe jaar straf wat verby is terwyl *niks* aandui dat hulle hulle steeds op dieselfde plek en in dieselfde omstandighede bevind./<br>*Alles* sinspeel op sy skuld, tronkstraf en verwydering van almal vir wie hy lief was; *niks* dui daarop dat hulle nog dieselfde mense is en hulle omstandighede nie verander het nie./<br>*Alles* dui daarop dat hulle albei geweldig verander is deur die sewe jaar wat verby is; *niks* suggereer dat hulle nog in wese dieselfde mense is. ✓✓<br>*Kandidaat moet in sy antwoord blyke gee van begrip vir die teenstelling.* | 2 | 2 | 2.2<br>4.4 | 3 |
| | | **[6]** | | | |
| | | **[25]** | | | |

**OF**

**VRAAG 15: OPSTELVRAAG *MIS* – Reza de Wet**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE ASSESSERING VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA geassesseer.

**LET WEL:**
- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen opskrifte in die opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by taal en styl.

**Inleidingsparagraaf**

Die kandidaat voorsien die opstel van ’n gepaste inleiding, bv.
- In hierdie drama speel Meisie ’n belangrike rol.

**Redes waarom Meisie ’n belangrike karakter is (2 gemotiveerde feite)**
- Meisie kom in feitlik al die tonele voor .
- Die dramagebeure/intrige draai om haar/haar veiligheid/haar ma se kommer oor haar.
- Die leser leer haar baie volledig ken.
- Sy is die karakter wat die duidelikste verandering/groei as gevolg van innerlike konflik openbaar.

**Bespreek enige VIER karaktereienskappe van Meisie. (4 gemotiveerde feite) *Elke keuse moet bespreek word en nie net genoem word nie.***
- Meisie is ’n onderdanige/gehoorsame/gedienstige dogter. Sy voer haar ma se opdragte gedweë uit.
- Meisie is hardwerkend/vlytig/gewillig. Sy werk elke dag saam met haar ma om die mis in sakke verpak te kry./Sy werk daagliks aan die voorbereiding van die sakke met die oog op die misverkope.
- Sy is hardwerkend/vlytig/gewillig. Sy was en stryk daagliks hul klere omdat dit na beesmis ruik./Sy maak daagliks die vensters skoon./Sy gooi haar pa se slopemmer uit.
- Meisie is bygelowig. Sy het ’n onnatuurlike vrees vir uile op die dak.
- Meisie is maklik beïnvloedbaar. Haar ma se siekte/onnatuurlike bewustheid van die bose/onheil maak van Meisie ’n onseker mens./Sy laat haar deur Konstabel beïnvloed om saam met hom weg te loop.
- Sy smag na vryheid. Haar ma domineer haar en gun haar geen keuses en/of vryheid/jongmenslewe nie.
- Sy is bangerig. Sy is bang vir haar eie pa wat reeds sewe jaar in die dak sit. Sy maak melding van die wit hand en wil nie opkyk nie.
- Sy is opstandig. Haar omstandighede veroorsaak dat niemand by haar kom kuier nie as gevolg van die misreuk en vlieë/brommers./Hul armoede maak haar skaam.
- Sy het ’n vrye gees. Sy smag na ’n normale jongmenslewe/vriende/sosialisering/vryheid. Haar huislike omstandighede/haar ma se dominering en inperking ontneem haar van enige vryheid/jongmenslewe./Sy het een keer weggeloop sirkus toe tot haar ma se grootste ontsteltenis.
- Sy is avontuurlustig. Sy smag na die avontuurlike/eksotiese/nuwe/vreemde. Die sirkusmusiek en -liggies bekoor haar./Sy het een keer van die huis weggeloop en die sirkus gaan besoek.

**Vergelyk Meisie se karaktereienskappe met dié van Miem. (3 gemotiveerde vergelykings)** ***Die kandidaat moet minstens DRIE vergelykings by elkeen van hierdie karakters noem.***

- Meisie is onderdanig/gehoorsaam/gedienstig. ⇨ Miem is uiters dominerend/manipulerend en gun Meisie nie 'n eie lewe nie.
- Meisie is hardwerkend en vlytig. ⇨ Miem is ook bereid om baie hard te werk om 'n inkomste te genereer.
- Meisie is maklik beïnvloedbaar. ⇨ Miem is altyd seker van haar saak, glo in haar eie vermoë en staan by haar oortuigings.
- Meisie smag na die lewe buite die huis. ⇨ Miem is tevrede met haar bestaan en sien die onheil/bose/gevaar in alles buite die huis.
- Meisie smag na 'n normale jongmensbestaan en sosiale lewe buite die huis. ⇨ Hoewel Miem se man in die dak sit, is sy tevrede met haar huis en omstandighede.
- Meisie smag na vriende. ⇨ Miem smag daarna dat haar man uit die dak moet kom omdat sy hom mis.
- Meisie is ongemaklik met die aandag van die Konstabel omdat sy dit nie ken nie. ⇨ Miem is gemaklik met die vreemde man in die huis en vertrou hom dadelik./Miem wil graag haar dogter getroud sien (ter wille van haar eie behoefte dat Gabriël uit die dak kom).
- Meisie vertrou Konstabel en is bereid om saam met hom weg te loop. ⇨ Miem wantrou eers die man en jaag hom uit die huis./Miem vertrou die vreemdeling in die huis.

**Jou gemotiveerde mening of Meisie, as karakter, deur die loop van die drama ontwikkel (3 gemotiveerde feite)** ***Die kandidaat moet wys op die ou Meisie, die nuwe Meisie en 'n bewys/voorbeeld gee.***

Ja

- Meisie verskil teen die einde van die drama opvallend van die Meisie wat ons aan die begin van die drama leer ken het. Sy het gegroei van die onderdanigheid en gedienstigheid waarmee sy in haar ma se huis gewerk/geleef het, tot 'n dansende, bevryde jongmens wat ontsnap.
- Meisie het innerlike konflik/skuldgevoel ervaar nadat sy ongehoorsaam was en so bygedra tot haar ma se siektetoestand. Desnieteenstaande kies sy om saam met Konstabel weg te loop en bewys so dat sy gegroei het tot iemand wat haar eie besluite neem.

Nee

- Meisie het innerlike konflik oor haar behoeftes en verlangens en haar ma se uitdruklike opdragte. Sy word wel bevry deur saam met Konstabel weg te loop, maar dis nie duidelik of dit haar keuse is nie, want Konstabel hipnotiseer haar. Dit lyk of sy nie haarself is wanneer sy op onnatuurlike wyse teen die einde van die drama die huis verlaat nie.
- Meisie het wel innerlike konflik ervaar oor die stryd tussen haar behoeftes en haar ma se opdragte, maar sy kies nie om ongehoorsaam te wees nie. Sy word deur Konstabel gehipnotiseer/gemanipuleer om saam met hom weg te loop. Dis nie 'n keuse en 'n duidelike groei/verandering nie.

**Slot**

Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot, bv.

- Meisie speel 'n belangrike rol in die drama.

**[25]**

**OF**

**VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG *MIS* – Reza de Wet**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | LU | AS | BARRETT |
|---|---|---|---|---|---|
| 16.1 | Gabriël/Haar man (in die solder). ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 1 |
| 16.2.1 | Kursiefgedrukte woorde/Dit staan tussen hakies. ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 1 |
| 16.2.2 | Dit dui aan/gee inligting hoe die karakter op die verhoog moet optree./<br>Dit sê vir die leser wat die karakter doen. ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 3 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 16.3 | Sy wil hê Gabriël moet hoor. ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 3 |
| 16.4 | Onrustig/huilwind ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 1 |
| 16.5.1 | Dit dui aan dat sy gespanne/bekommerd is. ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 3 |
| 16.5.2 | Sy het 'n wildvreemde man in die huis toegelaat./Sy het die gevaar in die huis ingenooi./Konstabel wat sy innooi, is die een wat Meisie wegvoer. ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 4 |
| 16.6.1 | Nee<br>Sy probeer Meisie beskerm teen die onheil buite die huis, maar laat toe dat die vreemde konstabel in die huis inkom./Sy laat Meisie alleen by die vreemde man. ✓✓ | 2 | 2 | 4.4 | 3 |
| 16.6.2 | Sy hoop dat Gabriël uit die dak sal kom wanneer Meisie trou./ Dit gaan eintlik om Gabriël, en nie om Meisie nie./ Dit gaan eerder om haar eie behoefte aan haar man as oor Meisie. ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 2 |
| 16.7.1 | In die proses het sy haar dogter verloor. ✓ | 1 | 2 | 2.2<br>4.4 | 4 |
| 16.7.2 | Gedurende die jare 1929 tot 1936/<br>Gedurende die Groot Depressie/<br>Swaarkry en armoede ✓ | 1 | 2 | 2.2 | 1 |
| 16.7.3 | Hulle verkoop mis. ✓ | 1 | 2 | 2.2 | 1 |
| | | **[13]** | | | |
| 16.8.1 | D/is hardwerkend en dominerend. ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 2 |
| 16.8.2 | C/voel ondergeskik en smag na vryheid. ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 2 |
| 16.8.3 | E/is eensaam en smag na manlike aandag. ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 2 |
| 16.8.4 | B/is manipulerend en beïndruk ander maklik. ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 2 |
| 16.9 | Meisie se vryheid is deur Miem ingeperk, maar die koms van die konstabel en sy betowering van Meisie bevry haar./ Meisie transformeer van 'n skaam, onseker, onderdanige meisie tot 'n dansende, betowerende vlinder. ✓✓ | 2 | 2 | 4.4<br>4.4 | 3 |
| 16.10 | Sy word verteenwoordiger van alle mense./<br>Sy kry universele betekenis. ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 3 |
| 16.11 | Sy het nooit vriende/mans ontvang nie en is dus nou verleë voor dié opvallende aandag/ verwonderd oor die kompliment./ Sy het nooit sosiale kontak met mense buite die huis ervaar nie en voel dus erg verleë onder die aandag van Konstabel. ✓ | 1 | 2 | 2.2 | 4 |
| 16.12 | Die musiek is boos. ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 3 |
| 16.13.1 | Dit verteenwoordig die stryd tussen ingeperktheid/gevangeskap en vryheid. ✓ | 1 | 2 | 4.4 | 3 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 16.13.2 | Negatief<br>Sy verdwyn saam met hom, net om soos die ander meisies waarskynlik te sterf.<br>Sy verdwyn en sal nooit weer gesien word nie./<br>Hy gaan haar moontlik doodmaak./<br>Sy gaan nie vry wees soos sy gedink het nie.<br><br>OF<br><br>Positief.<br>Die vryheid waarna sy nog altyd gesmag het, kry sy nou. ✓✓ | 2 | 2 | 4 | 4 |
| | | **[12]** | | | |
| | | **[25]** | | | |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

| RUBRIEK VIR DIE ASSESSERING VAN DIE POËSIE OPSTEL<br><br>HUISTAAL<br>10 PUNTE | TAAL<br>Struktuur, logiese, vloei en aanbieding. Taal toon en styl wat in opstel gebruik word. | -Baie goeie koherente struktuur.<br>- Uitstekende inleiding en samevatting.<br>- Argumente goed gestruktureerd en ontwikkeling is duidelik<br>- Taal, toon en styl volwasse, treffend en korrek. | -Opstel goed gestruktureer.<br>- Goeie inleiding en samevatting.<br>- Maklik om argumente en gedagtegang te volg.<br>- Taal, toon en styl korrek en toepaslik vir doel.<br>- Goeie aanbieding | - Duidelike struktuur & logiese vloei van argumente.<br>- Inleiding, samevatting en ander paragrawe koherent georganiseer.<br>- Kan vloei van argumente volg.<br>- Taal, toon en styl grootliks korrek. | - Sommige bewyse van struktuur.<br>- Opstel toon gebrek aan struktuur, logika en koherensie.<br>- Minimale taalfoute, toon en styl meestal van toepassing. Paragrafering meestal korrek. | - Bewyse dat struktuur swak beplan is.<br>- Argumente nie logies gerangskik nie.<br>- Taalfoute is sigbaar. Toon en styl nie toepaslik vir die doel van teks nie.<br>- Paragrafering gebrekkig | - Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed vloei van argumente.<br>- Taalfoute en verkeerde styl veroorsaak onsuksesvolle skryfstuk. Toon en styl nie toepaslik vir doel van teks.<br>- Paragrafering verkeerd. | - Moeilik om te bepaal of onderwerp aangespreek is.<br>- Geen bewyse van beplanning of logiese uiteensetting nie.<br>- Taal is swak. Verkeerde taal en styl.<br>- Paragrafering nie korrek, koherensie ontbreek. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD<br>Interpretasie van onderwerp. Diepte van argumente, verant-woording en beheersing van gedig | | 7<br>80 – 100% | 6<br>70-79% | 5<br>60-69% | 4<br>50-59% | 3<br>40-49% | 2<br>30-29% | 1<br>0-29% |
| - In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte ten volle verken.<br>- Uitstaande respons: 90%+. Uitstekende respons: 80 – 89%<br>- Reeks treffende en uitgebreide argumente wat uit gedig ondersteun word<br>- Genre en gedig word uitstekend verstaan. | 7<br>80 – 100% | 10-8 | 7 – 7½ | 7 - 8 | | | | |
| - Bogemiddeld interpretasie van onderwerp, alle aspekte bevredigend verken.<br>- Uitgebreide respons.<br>-Reeks sterk argumente wat uit gedig ondersteun word.<br>- Genre en gedig word baie goed verstaan | 6<br>70-79% | 7 ½ – 8 ½ | 7- 8 | 6½ - 7½ | 6 - 7 | | | |
| - Verstaan gedig en interpretasie van onderwerp goed.<br>- Redelike uitgebreide respons.<br>- Sterk argumente word gegee, maar dit is nie altyd goed gemotiveer nie.<br>- Genre en gedig word verstaan. | 5<br>60-69% | 7 - 8 | 6½ - 7½ | 6 -7 | 5½ - 6½ | 5 - 6 | | |
| - Redelike interpretasie van onderwerp, nie alle aspekte in gedig verken nie.<br>- Etlike goeie argumente ter ondersteuning van onderwerp.<br>- Meeste argumente ondersteun onderwerp,maar bewyse is nie oortuigend.<br>- Genre en gedig word basies verstaan. | 4<br>50-59% | | 6 -7 | 5½-6½ | 5 - 6 | 4½-5½ | 4 - 5 | |
| - Baie alledaagse, middelmatige poging om vraag te beantwoord.<br>- Baie min diepte in die begrip van en tydens die respons op onderwerp.<br>- Argumente nie oortuigend en baie min bewyse uit gedig.<br>- Leerder het nie volle begrip van genre en gedig nie. | 3<br>40-49% | | | 5 - 6 | 4½-5½ | 4 - 5 | 3½-4½ | 3-4 |
| - Swak begrip van onderwerp.<br>- Respons word herhaal en dit is soms nie ter sake nie.<br>- Geen diepte in argumentering nie, interpretasie verkeerd, ondersteunende argumente nie verantwoordbaar uit gedig nie.<br>- Baie swak begrip van genre en gedig. | 2<br>30-29% | | | | 4 - 5 | 3½-4½ | 3-4 | 1-3½ |
| - Respons soms in verhouding met onderwerp, moeilik om argumente te volg of dit is nie van toepassing nie.<br>- Swak poging om vraag te beantwoord. Paar relevante argumente wat gegee is, is nie verantwoordbaar uit gedig nie.<br>- Baie swak begrip van genre en gedig. | 1<br>0-29% | | | | | 3-4 | 1-3½ | 0-3 |

# RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DIE DRAMA

Let op die verskil in die puntetoekenning vir inhoud versus struktuur en taal

| **KODES EN PUNTETOEKENNING** | | **INHOUD [15]**<br>**Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente, verantwoording en begrip van die voorgeskrewe werk.** | | **STRUKTUUR EN TAAL [10]**<br>**Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel.** |
|---|---|---|---|---|
| ***Kode 7***<br>**A**<br>**80 - 100%** | Uitmuntend<br>**12 tot 15 punte** | In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte van die onderwerp is ten volle nagevors.<br>Uitstekende reaksie. (90+, uitmuntende reaksie)<br>Reeks pakkende argumente, uitgebreid; ondersteun uit die teks.<br>Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks. | Uitmuntend<br>**08 - 10 punte** | Samehangende en gestruktureerde opstel.<br>Uitstekende inleiding en slot.<br>Argumente is goed gestruktureerd en duidelik ontwikkel.<br>Taal, toon en styl is gevorderd, treffend en korrek. |
| ***Kode 6***<br>**B**<br>**70 - 79%** | Verdienstelik<br>**11 punte** | Bogemiddeld interpretasie van onderwerp. Alle aspekte van die onderwerp is geskik nagevors.<br>Gedetailleerde reaksie.<br>Reeks grondige argumente is gegee, goed ondersteun uit teks.<br>Baie goeie begrip van genre en teks. | Verdienstelik<br>**07 punte** | Opstel is goed gestruktureerd<br>Goeie inleiding en afsluiting.<br>Argumente en gedagtelyn is maklik om te volg.<br>Taal, toon en styl is korrek en gepas vir die doel.<br>Goeie aanbieding. |
| ***Kode 5***<br>**C**<br>**60 – 69%** | Beduidend<br>**09 of 10 punte** | Toon begrip en het onderwerp goed geïnterpreteer.<br>Taamlik gedetailleerde reaksie op die onderwerp.<br>Sommige grondige argumente is gegee, maar nie almal is baie goed gemotiveer nie.<br>Begrip van genre en teks duidelik. | Beduidend<br>**06 punte** | Duidelike struktuur en logiese vloei van argumente.<br>Inleiding, afsluiting en ander paragrawe is samehangend georganiseer. (koherensie)<br>Vloei van argumente kan gevolg word.<br>Taal, toon en styl is grootliks korrek. |
| ***Kode 4***<br>**D**<br>**50 – 59%** | Voldoende<br>**08 punte** | Taamlike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte is in detail nagevors nie.<br>Sommige goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp.<br>Meeste argumente is ondersteunend, maar bewyse is nie altyd oortuigend nie.<br>Basiese begrip van genre en teks. | Voldoende<br>**05 punte** | Geringe bewyse van struktuur.<br>Goed gestruktureerde en logiese vloei en samehang ontbreek.<br>Min taalfoute; toon en styl is meestal gepas.<br>Paragrawe is meestal korrek. |
| ***Kode 3***<br>**E**<br>**40 – 49%** | Matige<br>**06 of 07 punte** | Baie gewone en gemiddelde poging om die vraag te beantwoord.<br>Baie min diepte en begrip in reaksie op die onderwerp.<br>Argumente nie oortuigend nie en baie min verantwoording uit die teks.<br>Leerder het nie houvas en volle begrip van genre en teks nie. | Matige<br>**04 punte** | Beplanning van die struktuur is gebrekkig.<br>Argumente nie logies gerangskik nie.<br>Paragrawe is foutief.<br>Opvallende taalfoute. Toon en styl nie gepas vir die doel nie. |
| **Kode 2**<br>**F**<br>**30 – 39%** | Basiese<br>**05 punte** | Houvas op die onderwerp is swak.<br>Reageer herhalend en soms van die punt af.<br>Geen diepte in argumentering; verkeerde interpretasie / Argumente word nie verantwoord uit die teks nie.<br>Baie swak houvas op genre en teks. | Basiese<br>**03 punte** | Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed die vloei van die argumente.<br>Taalfoute en foutiewe styl maak opstel onsuksesvol. |
| ***Kode 1***<br>**F tot H**<br>**0 – 29%** | Ontoereikend<br>**0 tot 5 punte** | Reaksie soms in verhouding met die onderwerp, maar dis moeilik om ontoepaslike argumente te volg.<br>Swak poging om vraag te beantwoord.<br>Min toepaslike punte met geen verantwoording uit die teks.<br>Baie swak houvas op genre en teks. | Ontoereikend<br>**00 - 02 punte** | Moeilik om te bepaal of die onderwerp aangespreek word.<br>Geen bewyse van logiese beplanning nie.<br>Geen paragrawe en koherensie nie.<br>Swak taalgebruik. Verkeerde styl en toon. |

Kopiereg voorbehou